

27 Oktober

Skrifgedeelte: Hooglied 7:1-8:4

Teksgedeelte: Hooglied 7:10

Liefde: 'n roep na vervulling – ook in Christus!

In Hooglied 7:10 word daar gepraat van die man se smagting (OAV: begeerte) na sy geliefde. Die enigste ander plek waar hierdie woord in die Bybel voorkom is in Gen 3:16 en 4:7. In Gen 3:16 is dit deel van die vloek wat uitgespreek word met die sondeval: “na jou man sal jy *hunker*” (OAV: “na jou man sal jou begeerte wees”).

Die rolle word hier in Hooglied net mooi omgekeer! 'n Feit word, amper terloops, gestel: huweliksmaats smag na mekaar! Na die letterlike betekenis van die woord “begeer”, keer hulle hul na mekaar toe (lees Gen 2:18).

Hier in Hooglied is hierdie stelling as 't ware 'n uitroep na die *normalisering* van die verhouding tussen man en vrou. Dis 'n roep teen die skeefgetrekte idees oor seks – ook in ons samelewing – wat wentel om die man wat uitgebeeld word as die plesierjagter en -soeker wat tevrede gestel moet word. Dié idee lei dikwels tot gewelddadige seksuele vergrype en degradering van die vrou as 'n blote seksobjek. Hier is egter nog meer: só gesien, is die stelling in Hooglied 7:10 in wese 'n roep na die Messias, Jesus Christus: die Verlosser, die Versoener en die Bevryder – ook in en van huwelike.

Dis g'n wonder nie dat Paulus in Efesiërs 5 die verhouding tussen die Here en sy kerk kan afbeeld met die verhouding tussen 'n man en vrou in die huwelik. Daarom is die rolmodel vir jou huwelik die verhouding tussen Jesus Christus en die kerk.

Andersom gesien: jou huwelik sou daarom juis 'n stuk evangelie aan 'n stukkende wêreld kon wees, naamlik om iets van die liefde van Christus in hierdie wêreld sigbaar te maak. Hoe waar is dit van jou huwelik?

Sing: Skrifberyming 33:1,3

Ds GC Verhoef (Wierdapark)